



Des 2023, Jan & Feb 2024

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

Liewe Lidmaat,

Die jaar staan amper op 'n einde, en Kersfees is om die draai!

Dis 'n geseënde tyd wat voorlê en die feesseisoen herinner ons opnuut daaraan dat die Christuskind vir ons ware lig en vrede bring. Ek lees onlangs in 'n artikel dat naby die Noordpool hou die nag sommer maande lank aan. Wanneer die mense verwag dat die dag uiteindelik gaan aanbreek, gaan boodskappers uit na die hoogste punt om te wag vir die eerste tekens van daglig om aan te breek.

Met hul mooiste klere aan, omhels hulle mekaar wanneer die lig deurbreek en roep hard uit: "aanskou die son!"

Vir eeue was die wêreld in donkerte van sonde, gebrokenheid en verlorenheid. Ten opsigte van die Jesuskind se geboorte het die profeet Sagaria uitgeroep:

Soos die môreson sal Hy opgaan en uit die hoogte op ons afstraal, om lig te bring aan dié wat in duisternis en in die skaduwee van die dood lewe, om ons voetstappe te rig op die pad van vrede (Luk 1:78-79).

Dis wonderlik om te weet dat Christus vir ons lig, lewe en vrede gebring het! Die duisternis is uit ons lewe verwyder en ons is uit

JAARTEMA: God roep, ons bou!

die mag van die duisternis bevry. Ons is nou kinders van die lig! Deur Jesus se koms het Hy ons lewe met hemelse lig en vrede kom vul. Jesus is nou die lig in ons lewe. Jesus, die Lig, is om die waarheid te sê, nou ons hêle lewe. Hy skyn elke dag in en deur ons.

Die feesseisoen en Kersfees is vir ons 'n viering van die koms van die Môreson wat in ons lewe kom skyn het en elke dag aanhou skyn. Ons roep dankbaar en juigend uit, op hierdie Kersdag in 2023: "aanskou die ware Lig!".

Mag elke liggie hierdie feestyd jou herinner aan die Groot Lig wat in ons wêreld en lewe skyn.

Ons wens jou liewe lidmaat 'n Christus-skynende feestyd toe!

Ons gebed vir jou vir hierdie feesseisoen is:

- ♦ dat jy God se glimlag oor jou lewe sal raaksien;
- ♦ dat jy die liefdesarms van jou Verlosser om jou sal ervaar;
- ♦ dat Christus alles vir jou sal wees;
- ♦ dat Christus se lig deur jou, oor vir ander, sal lig bring;
- ♦ dat jy saam met die hele gemeente sal uitsien na 'n skitterende 2024, waar die Here reeds vir ons wag om ons te lei en te seën.

Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2024!

Dankie dat jy deel van ons geloofsfamilie is!

*Ds Petro Jonker &
die Kerkraad van NG Rietfontein-Suid*



NG Rietfontein-Suid (volg die gemeente se nuwe facebookblad)

- - - - DATUMS VAN BELANG - - - -

- ♦ **13 Des:** Skole sluit
- ♦ **15 Des:** Publieke Vakansiedag
- ♦ **16 Des:** Geloftediens om 9:00
- ♦ **25 Des:** Kersdiens om 9:00
- ♦ **31 Des:** Oujaarsdiens om 18:00
- ♦ **17 Jan:** Skole open
- ♦ **21 Jan:** Kleurterkerk en Kategases begin om 9:00
Jeuggroepe begin 17:00
- ♦ **22-24 Jan:** Week van Gebed
- ♦ **28 Jan:** Toewydingsnagmaal om 9:00
- ♦ **23 Feb:** Sendingete
- ♦ **24 Feb:** Jeug Pieknie
- ♦ **25 Feb:** Geloofsofferbelofte
Youthbash om 18:00



ZERO BOOMSLOPING



BOOMSLOPING EN SNOEI
VAN BOME EN STRUIKE
ONS VERSKAF OOK KAGGELHOUT



KONTAK ERNST 083 656 4992

WWW.TREECAREPTA.CO.ZA



Kersfees 2023, tot in Ewigheid



In Gen 3:8 staan: “die Here GOD het in die tuin, by / saam met Adam en Eva rondgestap.” (**‘God is by ons’** word met die Naam **‘Immanuel’ beskryf**).

In Gen 3:23 staan: “Die Here God het die mens (Adam en Eva) uit die tuin van Eden weggedryf.” (Die rede - omdat hulle in ongehoorsaamheid verval het).

Daar staan in Gen 5:23 en 24 dat: “Henog het altesaam 365 jaar geleef, en het **naby God** geleef.” Daarna lees ‘n mens selde dat iemand met die Here ‘n mooi verhouding gehad het, naby God was, of Hom aanbid het.

In Deut 18:18 sê God vir Moses – “EK sal vir hulle (Israel) uit hulle volksgenote ‘n Profeet soos jy laat opstaan en EK sal my woorde in Sy mond lê. **Hy sal vir hulle alles sê wat Ek Hom beveel.**”

‘n Profeet: ‘n Regte Profeet wat deur die Here aangestel is, se lewensdoel / werk is om die besluite en planne van die Here by Hom te hoor en aan mense te vertel).

Jaar 740 VC: Jesaja was ‘n profeet, wat 740 jaar voor Jesus gelewe het. In Jes 7:14 Profeteer Jesaja: “Daarom sal die Here self vir julle ‘n teken gee: Kyk, die maagd (jong vrou) is swanger en gaan ‘n seun in die wêreld bring. Sy sal hom Immanuel noem.” (*God is (weer terug) met ons*)

Jaar 593 VC: In Eseg 34:23 sê die Here deur die profeet Esegïël: “Ek sal een Herder oor hulle aanstel, **en Hy sal hulle laat wei.**”

Jaar 1 VC: 740 jaar na Jesaja, In Luk 1:31 sê die Engel Gabriël vir Maria: “Kyk, Jy sal swanger word en aan ‘n seun geboorte skenk. Jy moet Hom Jesus noem (Jesus beteken **Verlosser**). Hy sal magtig wees en die **Seun van die Allerhoogste** genoem word.... 33. Hy sal vir ewig oor die nageslag van Jakob regeer, aan Sy heerskappy sal daar geen einde kom nie.” 34. Maria sê toe vir Gabriël: “Hoe kan so iets moontlik wees aangesien ek nie gemeenskap met ‘n man het nie!” 35. Die engel het haar geantwoord: “**Die Heilige Gees** sal oor jou kom, en die Krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom sal die Kind wat gebore word heilig wees. **Hy sal Seun van God genoem word.**”

Terug in die jaar 740 VC: In Jes 9:1 profeteer Jesaja: “Die volk wat in duisternis rondswaai, het ‘n groot lig gesien; hulle wat in ‘n stikdonker land woon – oor hulle het **‘n lig geskyn**”. (Hy het toe gepraat van die Jode).

Jaar 0 VC, Geboorte van Jesus: In Luk 2:9 staan daar: “ ‘n Engel van die Here het aan hulle (die skaapwagters) verskyn en die *hemelse glans van die Here het rondom hulle geskyn*.” Luk 2:10 - 11. Toe sê die engel vir hulle: “Kyk, ek bring vir julle ‘n goeie boodskap wat vir die hele volk ‘n bron van groot vreugde sal wees!” Naamlik: “Vandag is daar vir julle in die Stad van Dawid as Verlosser gebore, Christus die Here.”

Jaar 33 NC: In Joh 1:4 en 5 staan: “In Hom (die Woord wat by God was, self ook God, naamlik Jesus) was lewe, en dié Lewe was die lig vir die mense, en die Lig skyn in die duisternis, en die duisternis kon dit nie uitdoof nie.”

Jaar 33 NC: In Joh 1:45 staan: Filippus loop toe vir Natanael raak en sê vir hom: “Ons het Hom (**die Profeet**) gevind van wie Moses in die Wet (in Deut 18:18) geskryf het! – Jesus wat van Nasaret kom.”

Jaar 33 NC: In Joh 12:49 sê Jesus vir die Jode: “Ek het immers nie uit Myself gepraat nie, maar die Vader wat My gestuur het, het self vir my ‘n opdrag gegee oor wat Ek moet sê en wat Ek moet verkondig. En Ek weet dat Sy opdrag die ewige lewe is. **Wat ek dus sê sê Ek presies soos die Vader dit vir my gesê het.**”

In Joh 10:11 sê Jesus aan sy dissipels: “Ek is die Goeie Herder. Die Goeie Herder lê sy lewe af vir die skape..... Ek lê my lewe af vir die skape.”

Jaar 33 NC: In Matt 28:20 sê Jesus vir Sy dissipels: “En kyk, (Deur die Gees) is Ek met julle (Immanuel!) al die dae tot aan die voleinding van die tyd.”

Kersfees 2023 NC: Ons vier nog steeds met blydschap dat Jesus gekom het! Want Jesus is **Immanuel**, God in die Gees by elkeen van ons, en ons lees en hoor oral hoe God se kinders naby aan Hom lewe.

Eendag aan die Einde van die Tyd: In Openb 19:7 staan: “Laat ons bly wees en jubel, en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilofsfees van die Lam het aangebreek!” En dan in Openb 21:3 staan: “Ek (Johannes) het toe ‘n harde stem van die Troon van God af hoor sê: ‘Kyk, God se woonplek is (nou) by die mense: En Hy sal by hulle woon; Hulle sal Sy volke wees en God self sal by hulle wees as hulle God.’” In Openb 22:4 staan: “**Hulle (die Here se kinders) sal Sy aangesig sien....**” (*Finaal en volmaak Immanuel*). **Dis ‘n wonderlike belofte waarna ons kan uitsien! Dis hoekom ons elke jaar Kersfees vier!**

RIETFLUIT ONTSPANNINGSHOEKIE



Kersfees

H I U H O O P J M D P L B F R L J E S U S U A F
 E F E E S G E T Y I G D S F G P P D K J P E S D
 I A H L F T B A C V R E D E Q G G B O V R Z G H
 L E S T Q I G U M S G J V A S V B I F T B N P B
 A G D H Y V Z N C O E N R V L C X Q T Y D I N G
 N Q X R X L E G Q M S X E S W C P Q U T O W E U
 D C H U H C G F H E K L U B Z H E E R A E Y W C
 S K E Z Q M T G J R E I G N N R J G Z W Y S M P
 F Q I S L N F E J D N E D L H I M A R U H E U C
 P M L M G H L L T J K F E O H S T S N J L M H D
 D L I R F O B O V P O D H X D T K D P I P A X M
 P N G D A G X O N B M E A M V U W U M R R N W G
 N F E L M S P F V R I E N D E S I K G G K N K A
 L I X R I T O U W A X M S T Z F U E L N O E T S
 Y F N K L E R C Y L V O D W U E Z R A I N R F I
 Y E K Q I R F E E S S E I S O E N S M G I A Y B
 Y T R O E G K B X S N M S O R S S F J L N U S Q
 C C I N I M N K S T I L L E N A G E Q L G M V T
 O O P K D L L A G E S E E N D E I E D K S X W A
 S A G T J I E J O I L X R F E N E S B Z K H E H
 K G V U M L K O E S T E R F Z T X A L S I R N E
 J B E T H L E H E M B J E E F I N R Y N N G S U
 L G W V T F X H S F S T A L C X X M E U D Q E K
 E U O N Z Y F K E R S D A G N O U C D K J M F F

Feesgety
 Geskenk
 Christus fees
 Hoop
 Liefde
 Tyding
 Wyse manne

Heer
 Koester
 Familie
 Jesus
 Somer
 Vrede

Kersdag
 Feesseisoen
 Geseende
 Kersfees
 Stal
 Vreugde

Geloof
 Bethlehem
 Heiland
 Koningskind
 Ster
 Vriende

Lag
 Blye
 Heilige
 Krip
 Stille nag
 Wense

Onderwyser Sjokolade Dankie Kaartjies



Vir 'n klein waardering vir jou Juffrou of Meneer



Sien link hieronder vir nog oulike kaartjies.

Link: <https://jeugjesus.wordpress.com/2023/11/06/onderwysers-sjokolade-kaartjies/?fbclid=IwAR1KdiEJ1fibqbot9AohPS9eHoJuK7G9q4lcXcMSqBMjjKAIY5PhXCIKdKc>



NG Kerk Rietfontein-Suid

NG GEMEENTE RIETFontein SUID			
Finansiële verslag Januarie 2023 tot Oktober 2023			
Begroot			Werklik
6,124	Geestelike Toerusting		7,531
4,950	Instandhouding		530
1,793,518	Gemeente Infrastruktuur		1,376,380
42,950	Diens van Barmhartigheid		32,170
63,200	Sending		70,949
1,910,742	Inkomste		1,487,559
97,475	Geestelike Toerusting		25,338
22,840	Instandhouding		129,709
1,595,469	Gemeente Infrastruktuur		1,262,297
58,569	Diens van Barmhartigheid		48,863
65,051	Sending		75,987
1,839,404	Uitgawe		1,542,194
71,338	Oorskot		- 54,635



Ons prys die Here vir sy getrouheid en seën op ons gemeente vir die jaar. Baie dankie aan elkeen wat 'n verskil maak met julle dankoffers.



OESTYD

November 2023

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou. Bydraes kan ook elektronies inbetaal word in die Sendingrekening – ABSA Bank, Rek nr 4049133874.

MOSAMBIEKSENDING

Andries & Sunette Schwartz

Nuusbrief: April – September 2023

1. Ou- en Nuwe bande

In Chiconono was dit, soos tydens ons vorige besoek, heerlik om ou bande op te tel. Kom ons vertel jou van 'n paar interessante gesprekke.

1.1 Imams

Andries het lang gesprekke met twee imams gehad. Ons ken mekaar reeds jare.

Die eerste gesprek was met die Imam van Sienene, so 20km van ons af. Hulle word opgelei om die Bybel op baie slinkse maniere aan te val deur stellings wat buite konteks gedoen word en openlike leuns.

Hy is bekend as 'n sterk teenstander v.d. evangelie, maar het uit die aard v.d. saak nie antwoorde nie. Die jong Moslem wat saam met die imam deel was van die gesprek het 'n paar afsprake met Andries gemaak om verder te gesels en hou steeds kontak.

V.d. gelowiges is ook saam genooi. Die doel was dat hulle ook die kosbare waarhede v.d. evangelie kon ontdek, en sien dat hulle nie bang hoef te wees om vir enige persoon te getuig nie.

Tydens sy reis na 'n Veritas opleiding in Mavago (100km Noord) het Andries

weer met die imam van Chituxe kontak gemaak. Hulle het tydens sy terugreis weer ontmoet en het ure gesels met baie ander wat ingesit het.

Die besoek was baie insiggewend. Anders as wat 'n mens sou verwag van 'n imam in 'n klein plattelandse dorpie tussen êrens en nêrens, het die imam dik boeke gehad wat almal handel oor hoe om die geloof van Christene aan te val – alles natuurlik buite konteks en verdraai.

Die Imam het ons egter genooi om, soos baie jare gelede, weer die Jesus-film daar te wys, wat ons saam met Jeanette de Wet van die Koninkryksbosbouplaas gedoen het. Vooraf het ons weer lekker kon gesels om die Evangelie van Genesis tot die kruis te verduidelik. Sunette het dieselfde met die vroue gedoen.

Ons kon regtig ervaar dat dit 'n Goddelike afspraak is. Bid vir die mense wat kom kyk het. Party het van ver af geloop en het bankvas gestaan tot aan die einde van die film. Die Gelowiges van Chiconono reik ook nou daarheen uit.

1.2 Hawa en gesin

Nog 'n ou band wat opgetel is, is met Hawa, 'n vrou wat destyds deel was van 'n naaldwerkgroep en wie Sunette goed ken. Sy het lank terug reeds vir haar 'n audiobybel in Swahili gekoop en was bly om dit vir haar te kon gee. Die familie het omtrent dag en nag daarna geluister en dit binne drie weke deurgeluister. Vir die tyd wat ons daar was het Sunette Hawa weekliks besoek en vir haar en haar dogter en skoondogter Bybelverhale vertel.

1.3 Radio

Ons plan was om die programme oor die outoriteit van die Bybel in Chiyao – die plaaslike taal - op te neem. Die radioman was egter met verlof, en ons kon dit nie doen nie. Die ds van die Igreja Reformada was baie positief oor so 'n opname en ons het dit toe in Chichewa opgeneem. Die opname word ook oor die radio gebruik. Hopelik kry ons by 'n ander geleentheid weer kans om dit in Chiyao op te neem.

1.4 Werkers

Andries het ook veral individuele gesprekke met van die werkers op die bosbou plaas gehad. Dit is geleenthede waartydens Moslems wat oop is om te luister aan die dink gesit kan word, en volgelingen van Jesus versterk word.

1.5 Nuwe bekeerlinge

Na 'n byeenkoms vir jong gelowiges in Chuanjota, het twee besoekende moslems ver geloop om Andries die volgende dag te kom opsoek. Albei het hulle lewens aan Jesus oorgegee en Hom vertrou vir hulle verlossing. Een van hulle

is sommer kort daarna deur van die geestelike werkers op die bosbouplaas gedoop. Watter vreugde bring die kosbare nuwe bande nie?!

1.6 Elkeen 'n sendeling

Andries het ook 'n werkswinkel oor hoe om na moslems uit te reik op die dorpie aangebied vir omtrent al die gelowiges van daardie omgewing. Bid dat eenheid en goeie vrug hieruit mag voortvloei.

1.7 Boekies vir kinderwerk

Terwyl die groepies gelowiges saamkom, word daar aan die kinders ook Bybelverhale vertel. Die gebrek aan geskikte materiaal hiervoor het Jeanette en Sunette laat besluit om Bybelverhale, beginnende by die Skepping in Portugees neer te pen en dan ook in Chiyao te laat vertaal.

Lg is 'n taai tameletjie. Spelreëls verskil tussen Malawi en Mosambiekse Bybelvertalings. Mense is aan albei maniere van skryf blootgestel en is onseker oor hoe om wat te skryf. Vir mense wat in elk geval nie veel van 'n leeskultuur het nie bring dit baie verwarring. Bid vir wysheid en leiding van die Here af hierin.

1.8 Hiënas

Van hiënas is daar oorgenoeg op die bosbouplaas, maar ons bande met hulle is van 'n ander aard. Hulle het een aand twee van ons Landy se bande kom stuk-kend kou. Genadiglik kon ons hulle maklik weer vervang.

2. Veritas

2.1...in Niassa provinsie

Terwyl ons in Chiconono was het Andries na Mavago gereis om 'n groepie aspirant Veritas deelnemers op te lei.

Daarna, in Lichinga lei hy 3 Veritas groepe op. Daar was 'n module 1 daggroep, 'n module 1 Saterdag-en-aandgroep asook 'n module 2 groep wat opleiding ontvang het.

2.2 ...in Zambesia provinsie

In Zambesia provinsie kon ook twee opleidings plaasvind. Die eerste was in Milange, naby die grens van Malawi. Die tweede was in Nicoadala waar 'n groepie wat reeds module 1 voltooi het, module 2 opleiding gedoen het. By elke geleentheid ervaar ons die groot impak wat die opleiding op die lewens van deelnemers het.

2.3 ...in Gaza provinsie

Na ons 6 weke buite Mosambiek, het Andries weer na die groep in Hokwe, in die Suide van Mosambiek gegaan. Heelwat van die fassiliteerders daar het reeds hulle eie groepies bymekaar.

Dit is opwindend om te sien hoe nuwe Veritas fassiliteerders begin om ook ander te leer. Party van die groepe bestaan uit slegs 'n paar mense terwyl ander 25-30 mense sterk is.

'n Groep kerkleiers in Quelimane is so pas opgelei en weer het ons verstom gestaan hoe hulle lewens aangeraak word. Ook het baie predikante gesê dat hulle nou vir die eerste keer regtig verstaan hoe om die Bybelse boodskap self te ontgin en verantwoordelik oor te dra.

Die opleiding is 5 dae van 7 tot 3 en tap jou van energie, maar dis seker v.d. mees bevredigende dinge om te doen. Die deelnemers sit bankvas vir elk vd lesse.

3. World Outreach Summit 2023

Aan die einde van Julie het ons Suidwaarts gereis en toe Thailand toe, om World Outreach se Internasionale konferensie by te woon. Dit is 'n groot byeenkoms wat elke 4 jaar gehou word. Soveel as moontlik van die sendelinge van World Outreach van reg oor die wêreld kom dan bymekaar. Vir 4-5 dae loof ons die Here saam, word ons versterk deur getuïenisse van wat aan die gebeur is in God se Koninkryk in onbereikte volksgroepe reg oor die wêreld en is daar tye van lering en bediening. Dit is ook heerlik om met kollegas en ou vriende saam te kuier en saam voor God se troon te staan in gebed. Ons was 8 jaar gelede by die konferensie en is dankbaar dat ons dit weer kon bywoon.

4. SA kuier

Na die 'summit' het ons ons jaarlikse besoek in Suid-Afrika ingepas. Hierdie jaar het ons voorkeur gegee aan 'n twee weke lange vakansie saam met van ons kinders in Buffelsbaai. Ons het reeds in 2020, kort voor die Covid pandemie toegeslaan het, so 'n vakansie beplan. Wat 'n voorreg was dit nie!! Alhoewel ons heelwat familie, vriende en gemeentegroepe te siene gekry het, het ons uiteraard by minder mense as voorheen uitgekom. Ons vra dus om verskoning as ons jou nie te siene gekry het nie. Daar is so baie mense wie ons nog graag sou wou besoek, maar die tyd was net te min. Elkeen van julle se ondersteuning en voorbidding bly egter vir ons kosbaar.

5. Rydinge en die Here se genade

Die Here se genade is sommer net weer vir ons prakties gedemonstreer in ons

reise en voertuig.

Terwyl ons in Chiconono was, het die Landy se waterpomp ingegee. Oor honderde kilometers heen was daar geen probleem nie, maar net na 'n kort rit van 4 kilometer het hy reg voor ons huis se deur sy laaste asem uitgeblaas. Hugo Botha het vir ons een in Lichinga gesoek, maar sonder sukses. 'n Ander vriend vra toe 'n vriend van hom wat motoronderdele verkoop om te kyk – en daar, in 'n boks met uitskot onderdele lê toe die presiese waterpomp wat ons nodig het.

Elke jaar, terwyl ons in SA is, sit Andries 'n week of twee opsy vir instandhouding en herstelwerk aan die Landrover. Hierdie jaar sou hy egter nie daarvoor tyd hê nie. Die Here lê dit toe, sonder dat ons daarvoor gepraat het, op iemand se hart om sommer 'n klomp opkappingswerk aan die Landy te laat doen. Wat 'n seën!

6. Mocuba

Voor en na die Veritas opleiding in Quelimane, spandeer ons tyd in Mocuba. Bernadette is 'n SA sendeling wat al vir dekades hier werk, veral ook m.b.t. sorg aan kinders – sommige wat haar eie geword het, en ander in 'n kleuterskool wat fokus op weeskinders. Andries het belowe om die elektriese bedrading van 'n klompie nuwe geboue te doen en is besig met die eerste huise.

7. Waar trap ons volgende?

Kort voor ons vertrek by die Bybelskool in die Suide van Mosambiek, het ons goeie vriende daar gevra of dit vir ons moontlik sou wees om die Bybelskool te oorsien terwyl die vrou dringend 6 maande intensiewe mediese behandeling moet ontvang. Vir baie jare was die Bybelskool vir ons 'n anker tydens ons reise van en na Mosambiek, en ons het verlede jaar vir lang tye daar gebly toe Andries baie van en na SA moes reis vir toetse en behandeling.

Ons is ook altyd opgewonde oor hoe die evangelie d.m.v die werk van die Bybelskool soos suurdeeg in daardie hele gemeenskap invloed uitoefen. Ons sou dus graag daar wou dien, en ons 'World Outreach field leaders' het reeds ingestem.

Ons plan is om tydens Oktober en November daar te wees nadat ons verpligtinge in Zambesia provinsie afgehandel is. Ons verblyfpermitte verval vroeg in Desember en dan moet ons in Pemba wees. Ons planne vir die eerste maande van 2024 hang af van of dit moontlik sal wees om opleidingsdatums by die Bybelskool in Lichinga te skuif.

8. Cabo Delgado

Soos elke jaar vra ons julle voorbidding vir die goedkeuring van ons verblyfpermitte in Pemba. 'n Vriend daar het reeds die proses vir ons aan die gang gesit,

maar dit bly 'n saak waarin ons telkens ons afhanklikheid van die Here opnuut in oënskou neem.

Net om julle te herinner om nie op te hou bid vir hierdie provinsie, die koms van God se Koninkryk daar en ons broers en susters wat daar ly nie, sluit ons die volgende uit die Cabo Ligado onafhanklike beriggewing hierby in. Dit verwys na 'n insident wat op 14 September in die dorpie Naquitengue plaasgevind het:

It was reported that Christians were identified, separated, and shot. IS's statement of 15 September stated that after this, "they met with the rest of the Muslim population, and urged them to faith and jihad.

Ons almal as Sy kinders vergeet egter nie dat die oorwinning reeds behaal is, en dat die bloed van die martelare die saad van die kerk is.

LAUDIUM UITTREK AKSIE

Nuusbrief: Augustus 2023 van Johan en Elsa Naude

“Die Here het uit die dood uit opgestaan – ja, Hy het sowaar opgestaan, en Hy lewe !” 1 Kor 15 : 19 sê met reg, “As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, dan is ons die ellendigste van alle mense.”

Sommer net ietsie interessant

Die mense van die Hindoe geloof glo weer in die beginsel van reïnkarnasie. Dit beteken net dat nadat jy hier op aarde gesterf het, jy weer opnuut hier op aarde gebore sal word in 'n volgende lewe – nie noodwendig as 'n mens nie, maar as een of ander lewende wese hier op aarde, sodat jy die volgende siklus van weer gebore te word, hier op die aarde te lewe, en dan weereens te sterwe – gereed vir 'n volgende siklus. Hulle verwys hierna as die “wheel of samsara”. Wat uiteindelik gaan bepaal in watter vorm jy sal terugkeer hang volgens hulle af van hoe vol jou “karma” is. Die “karma”, sê hulle, is soos 'n goue bak in die “hemel” waar al jou goeie werke in opgeneem word, en jou verkeerde werke uit weggeneem word, en die stand van die inhoud van die “bak” sal dan bepaal of jy as 'n voël, 'n bok, 'n hond – of as jy gelukkig is, as mens weer na die aarde sal terugkeer. Sou jy byvoorbeeld in die vorm

van 'n hond terugkeer, moet jy net 'n baie goeie hond wees, sodat jou "karma" tot so 'n mate volgemaak kan word deur jou goeie daade, dat jy dalk, in jou volgende lewe sou kon terugkom as 'n duif, of so iets.

Jy en ek sal sekerlik van so 'n teorie sê: "Twak man, jy kan nie ernstig wees nie!" Maar glo my, dis vir hulle soos die Evangelie. Nou dit wat ek hierbo na verwys het is maar net 'n kort samevatting van wat hulle t.o.v. die onderwerp glo. Glo my vry, daar is nog baie kinkels en kables in hierdie saak.

Ek's so bly ek behoort aan Jesus ! My dood is vir my, soos Paulus sê in 2 Kor 5 :- "Ons weet dat, wanneer ons aardse woning wat maar 'n tent is, afgebreek word, ons 'n vaste gebou in die Hemel het. Dit is 'n woning wat nie deur mense gemaak is nie, maar deur God, en dit bly ewig staan. Is dit nou nie "great" nie! Ek sien nogal sterk uit daarna. Soos hulle in Engels sê:- "No if's, no but's, no why's!

In Laudium gaan die werk nog voort – totdat Hy kom. Die fisiese omstandighede aldaar blyk soms so 'n bietjie onveilig te raak – hoofsaaklik weens die inwoners van Itirileng, 'n plakkers-dorp aangrensend aan Laudium. Daar was veral twee belhamels wat 'n skrikbewind gevoer het daar en oor 'n lang tyd, somer voor die voet mense beroof en doodgemaak het. Ek het nou Sondag met een van die inwoners van die gebied gepraat, wat vir my gesê het dat vandat die polisie, sonder uniforms, daar ingegaan het en die twee vasgevat het, dit somer weer beter gaan daar.

Ons dank die Here dat dit beter gaan met Sadda, nadat ons hom na 'n privaat dokter – Dr Jinine Cronjé geneem het en sy vir hom gehelp het. Sy is onder andere by "Help-Lift" betrokke – dis 'n groep professionele mense by die Moreleta Kerk, wat hulp verleen aan behoeftige geestelike werkers. Ons dank die Here ook vir haar hulp met Sadda. Een van ons medewerkers, Johan Cronjé het hope tyd en sorg aan Sadda verleen deur hom te neem vir al sy afsprake en dinge, en ons sê ook baie dankie vir hom. Sadda sterk op die oomblik aan by die huis, maar hy sê darem dit

gaan nou beter met sy gesondheid.

Elsa geniet nog die kinder-bediening, en die kinders geniet haar ook. Dis 'n groot werk met klein mensies en dit pas so reg in haar kraal. Die Here was goed vir ons om vir haar na ons toe te stuur.

Wat die uitreik-werk aanbetref, is ons nog steeds besig om te bou aan 'n straat-uitreik-groep. Ons het alreeds ons eerste proeflopie gehad, en ons is seker dat hierdie poging ook nog sy vrugte gaan voortbring. Ons het toegang verkry tot 'n redelike sterk klank-toestel en wil sulke blits-optredes reël, waar ons die klank-toestel, met 'n projektor en skerm gaan opsit op straat en dan geestelike liedere gaan sing en dit gaan aflos met getuienisse of kort boodskappies, waarna ons 'n uitnodiging gaan maak vir almal wat hulself aan Jesus wil oorgee, of wat vir enige behoefte of krisis voorbidding verlang.

Bid asseblief vir 'n jong dame met die naam Natalie wat onlangs haar lewe vir Jesus gegee het. Sy bly nog saam met haar ouers – haar pa en haar broer is Moslem en haar ma is Rooms Katoliek. Haar ander broer is net vyandig teenoor alle godsdienste. Bid dat die Here vir haar sal staande hou en haar omstandighede vir haar meer gunstig sal maak.

Baie dankie vir u voorbidding en ondersteuning.

Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak **Carl de Beer 083 443 9256**

Sendinggroete in Christus, **Sending (as deel van Diensgetuienisbediening)**

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615, Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)



Hoe maak 'n Christen planne vir die nuwe jaar?

As Christene lewe ons volgens die wil van God. Aan die einde en begin van elke jaar hoor ons hoe almal oor hul nuwejaarsvoornemens praat. Tog maak almal tussenin ook planne! Mens hoor gereeld dat mense aan hul “bucket lists” werk. Maar hoe pas dit by die Christen se lewe in? Hoe moet ons as Christene dink oor wat ons wil, gaan en moet doen? In Jakobus 4:15 lees ons duidelik hoe ons oor die lewe moet dink:

Julle moet eerder sê: ‘As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen.’

Wat wil jy graag in jou lewe doen of bereik?

As iemand jou nou vra wat jy graag wil doen of bereik, het jy 'n antwoord? Dink jy jou antwoord is dieselfde as wat God van jou wil hê? Tien teen een het jy ook so 'n *bucket list* van dinge wat jy graag wil doen, wil hê of bereik. Jakobus skryf in die begin van hoofstuk 4 oor die drie stryde wat in elke mens is:

- Die stryd met mekaar (Jakobus 4:1a, 11-12)
- Die stryd met jouself (Jakobus 4:1b-3)
- Die stryd met God (Jakobus 4:4-10)

Hierdie stryd wat in elkeen van ons woed, kom uit ons selfsugtige begeertes. Ons smag en soek na die verkryging van dinge. Daar is vier argumente wat duidelik vir ons uitwys hoe dwaas ons is as ons, ons eie wil soek en doen, en die wil van God ignoreer.

Vier argumente vir hoekom ons nie God se wil moet ignoreer nie

1. Die kompleksiteit van die lewe

Die lewe bestaan uit oorlewing, vir sommige maklik en vir ander moeilik. Dit gaan oor kos, klere, 'n dak oor jou kop en vervoer. Die lewe gaan oor mense, plekke, aktiwiteite, doelstellings, maande, jare en dekades. Elke dag moet jy besluite neem wat gevolge het vir die res van jou lewe. Hoe besluit jy wat om te doen?

2. Die onsekerheid van die lewe

Om net uit jou eie te beplan, is doelloos. Dink aan die boer wat groot skure gebou het en in selfvoldaanheid gedink het dat hy alles vir baie jare het. God het daardie nag alles van hom weggevat (Lukas 12:16-21). Vir ons is daar onsekerheid oor die toekoms, maar nie vir God nie. God sorg vir ons en het elke lewensdag bepaal.

3. Die kortstondigheid van die lewe

Vir ons voel die lewe dalk lank, maar vir God is dit net 'n oogwink. Vir ons kan die lewe kortstondig en onseker wees, maar vir God is alles duidelik.

4. Die broosheid van die mens

Die mens is nie in beheer van die toekoms nie. Die mens het nie die wysheid om in die toekoms te kan sien nie, en het ook nie die krag, mag of gesag om dit te beheer nie. Om jou daarop te wil beroem is om God te wil speel. God self is in beheer van elke mens.

Wat is God se wil?

Waar jy vroeër gedink aan wat jou wil vir die lewe is, moet jy dan ook dink aan wat God se wil vir jou is. God wil hê dat ons, ons in Hom moet verbly, moet bid en Hom moet dank (1 Tessalonisense 5:16-18). Ons moet die regte gesindheid teenoor God se wil hê. Die wil van God is 'n verhouding tussen God en sy kinders, jou as gelowige. Dit is nie hard en onpersoonlik en onbereikbaar of onuitvoerbaar nie. Dit is nie 'n wet nie, maar 'n groeiende saak in jou lewe. Jy moet God biddend vra wat sy wil vir jou is en jou daaglik bekeer en doen wat God vra. God se wil moet elke dag, elke oomblik in ons harte wees.

Wat kan jy beplan na aanleiding van God se wil?

Leer God se wil ken

Dit is nie verkeerd om 'n *bucket list* te hê nie, maar jy moet God vra of dit wat jy beplan deel is van sy wil vir jou lewe. God se wil is nie moeilik om te ken as jy biddend die Bybel lees en gehoorsaam is aan God se Woord nie. God openbaar sy wil aan die wat nederig en opreg daarna vra en daaraan gehoorsaam wil wees.

Leef God se wil uit

Ons moet vol word van die kennis en wil van God. Dit help nie om net te weet wat God se wil is nie, ons moet dit uitleef. Ons moet die Here van harte dien in alles wat ons dink en doen.

Vra daaglik na God se wil

Begin by die eenvoudige en God sal elke dag vir jou byvoeg wat sy wil is. Elke dag bring uitdagings en besluite. Beplan daarom elke dag met dié woorde: "As die Here wil en ek lewe gaan ek vandag ..."

Kom ons dien van harte die Here in alles wat ons dink en doen. Kom ons sê altyd: "As die Here wil en ons lewe, sal ons dit of dat doen."

Link: <https://www.kruispad.net/jou-nuwe-jaar-plan/>



Die wonder van KERSFEES

'n Vreugdevolle viering van die ware
betekenis van die Christusfees



RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100